Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

2 November 2022
Nuusbrief No 37

Liewe Ouers,
Die kinders het die "plaasbesoek" vreeslik geniet en baie leersaam gevind. Dit was verseker 'n baie opbouende besoek. Die stad het vir 'n dag die plaas geword – wat 'n voorreg!

Hasie- en Eendjieklasse Koekverkoping: Donderdag 3 November 2022:

- "Kersfees in November!"... Kom ondersteun ons by die koektafels van 7:00 tot 8:30 en weer van 12:30 tot 13:30. Kom koop ietsie by ons Kersmark!
- Dankie aan die Hasie- en Eendjieklasse wat dit reël en die eetgoed skenk.
- Daar gaan 'n koffietrokkie wees vir koffie, en onthou om vooraf worsbroodjies te bestel soos dit op die klasgroepe geadverteer was.
- U is welkom om kontant te betaal, met d6, of om 'n kaartbetaling via 'n beskikbare YOCO masjientjie te maak. Indien u met d6 betaal, moet u net vooraf geld in u d6 beursie laai en die betaling is so maklik soos om die QR Kode te skandeer en die bedrag oor te plaas.
- Die kinders kan weer R5 of R10 saambring en die personeel sal hulle vanaf 8:30 na die koekverkoping neem om ietsie te koop wat hulle na verversingstyd kan geniet.
- <u>Neem asseblief alle ander verkope huis toe vir die naweek.</u>

Kaskar & Gladiatordag: Vrydag 4 November 2022: P779:

- Ons herinner u aan die jaarlikse Kaskardag op Vrydag 4 November.
- Parkieland het hulle eie baan met kaskarre en springkastele.
- Dankie aan die Laerskool wat altyd ons kleintjies akkommodeer.
- Die kostes beloop **R50 per kind**.
- **Onthou asseblief om die betalings per EFT of d6 oor te betaal. Gebruik u kind se <u>familiekode</u> as verwysing, tesame met die <u>Projeknommer</u> 779.**
- Handig asseblief die bewys van betaling by die klasonderwyseres in **nie later nie as Donderdag 3 November**.

Kuierdag 19 November 2022: 09:00 tot 11:00

- Alle ouers sal nog uitnodigings per WhatsApp ontvang.
- Al die kleuters wat ingeskryf is vir 2022 in die 2–3 jarige groep, asook Gr 00- en Gr 000-groepe woon die Kuierdag by. (Gr R se Kuierdag vir die huidige Gr 00 kinders, vind gelyktydig op die Gr R terrein by hul lokale plaas.)
- Kleuters woon dit saam met hulle ouers by.
- Alle kinders gaan 9:00 na die betrokke klas waar hulle ingedeel is vir 2022.
- Daar sal volgende jaar in skooltyd demonstrasielesse deur die verskeie buitemuurse aktiwiteite gehou word, sodat u kleuter kan besluit waaraan hy/sy wil deelneem, maar u kan hulle solank tydens Kuierdag op die rugbyveld besoek.
- <u>Onthou asseblief dat die 2-3 Jarige groep nog nie aan die Buitemuurse aktiwiteite deelneem nie.</u>
- Kuierdag se vertrektyd is 11:00.

Jêmbekkie:
Juffrou vra: "Wat noem ons 'n wyfie perd?" Een van die Gr 00 seuntjies antwoord: "'n Maermerrie juffrou!"

Geniet die week verder.

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥IS♥NIE♥VARKIES♥NIE
onthou altyd jou goeie maniere